

# BORRELFEEES NG GEMEENTE KESTELL

R. Swanepoel

Deesdae het elke dorp 'n fees: KKNK, Aardklop, Dolosfees, Woordfees, noem maar op. Kestell het op 4 Mei 2013 sy eerste Borrelfees gehou.

Kestell? Waar op aarde is Kestell? Kestell is in 1905 op die plase Mooifontein en Driekuil gestig. Ons dorp is vlak langs die N5, presies halfpad tussen Harrismith en Bethlehem. Prentjiemooi in die dag met deinsrige berge in die agtergrond. Of snags, wanneer die groot toringkerk soos 'n baken verlig word.

Onthou julle die ou dae van 'n regte-egte kerkbasaar? Hiertydens het elke gemeentelid getrou agter die pannekoekpanne, sosatiebraaier en Kerrie-en-rystafel saamgestaan. Ons het besluit om ons Gemeentebasaar uit te brei na 'n Gemeenskapsfees.

Die bekende kinderliedjie stel dit so mooi: "Dit borrel in my, want ek is so bly. Jesus het my lief. Vir my't Hy gesterf en gered van verderf, ja, Jesus het my lief." Ons basaar is dus verander in 'n Borrelfees omdat ons vir die gemeenskap 'n saamkuiergeleentheid wou skep waartydens ons saam met ons gemeenskap die liefde van Jesus kan vier.

Die fees is begin met 'n Jesusmars. Die graad van hoendervleis was direk eweredig aan die afstand wat die groep mense, gelei deur motorfiete, afgelê het. Opgewonde stappers het geestelike liedjies gesing en vrolik saam handegeklap. Plakkate om hulle geloof uit te dra, het die lug versier.

Tydens ons eerste volwaardige fees, het ons die volgende aan die gemeenskap gebied:

- Kerrie-en-rys of Breyani-en-rys
- Koffie- of tee-en-koek
- 'n Talentkompetisie vir ons gemeenskap. Die inskrywings was gratis en die eerste vier plekke kon pryse wen
- Riaan Naude, 'n opkomende sanger van Bloemfontein. Wat 'n ongelooflike getuienis!
- Vetkoek soos gemaak deur drie oumas
- Nagereg (ook bekend as heerlike basaarpoeding)
- Wit Olifanttafel
- Heerlike outydse pannekoeke
- Biltong- en droëworsstalletjie: die beste en goedkoopste in die land!
- Vleistafel met premiumsnitte teen winskooppryse
- Koeldrank vir die droë kele
- Lekkergoedtafel wat Weight Watchers na hulle asems sou laat snak het
- Keurige fyngebak
- Kestell se spesiale sosaties

- Potjiekoskompetisie: daar was afval, hoender, skaap en bees wat gepot en dolleeg geëet is. Ook hier is 'n prys gewen: 'n halwe skaap (seker vir nòg 'n potjie)
- Springkastele vir die kleinspan
- *Paint Ball* met 'n groot prys op die spel
- Ander speletjies soos gholf en veerpyltjies-met-'n-twist
- Motorfietsklubs vanaf die buurdorpe

En natuurlik: 'n uitstalling van veteraanmotors. Ek het menige ouer persoon in heimwee sien terugdink aan hulle jong dae. Iemand het kom spog oor sy vuurwa wat dieselfde model was as die een wat uitgestal is. Syne was 'n ander kleur, maar in sy kop was dit steeds die beste motor wat ooit gebou is. Hulle kon stories vertel van wat presies onder die enjinkap aangaan, die petrolverbruik (wat in daardie dae nie so 'n groot oorweging is as wat dit tans is nie), die ruitveërs wat op die onmoontlikste tye kon lol.



(Links: oom Josef Fourie en Lodewyk Odendaal)

Wie sou dan sy eerste afspraak met sy nooientjie en sy motor vergeet? Die ou motor is gewas en gepolitoer totdat jy die son daarin kon sien blink. Die ou tandeborsels is ingespan om die speke in die wiel doppe te laat skitter. Daar was ook natuurlik 'n wit lappie byderhand om die hardnekkige stofkolletjies sagkens te poleer.



Ons Borrelfees was vir ons gemeenskap. Vir enige persoon wat vir daardie dag deel wou wees van ons gemeenskap, al bly hulle nie in ons dorp nie. Ek is seker hulle sal weer volgende jaar terug wees. Wanneer ons 'n nog groter fees gaan hou.

Want hoe hou jy die liefde van Jesus in 'n klein handjie vas?

\*&\*&\*&\*&\*&\*&\*&\*